

Ons Erediens

NG Gemeente Wonderpark



Gesinserediens saamgestel deur:

Dr. Ernst Endres – 12 Junie 2022

VOTUM EN SEËNGROET:

As die Here ons nie gehelp het nie,
dit moet Israel bely,
²as die Here ons nie gehelp het
toe mense ons aangeval het nie,
³dan het hulle ons lewendig verslind
toe hulle woede teen ons ontvlam het;
⁴dan het die waters ons weggespoel
en die vloed ons oorweldig;
⁵dan het die skuimende waters
ons oorweldig.
⁶Aan die Here kom die lof toe:
Hy het nie toegelaat
dat ons hulle prooi word nie.
⁷Ons is bevry soos 'n voël
uit die wip van 'n voëlvanger;
die wip het gebreek en ons was vry!
⁸Ons hulp kom van die Here
wat hemel en aarde gemaak het.

SKRIFLESING:

Teks: Johannes 14

Tema: Wat 'n "awesome" testament!

- Die laaste fase in Jesus se lewe op aarde het aangebreek. Hy vier die paasmaaltyd met hulle en by die geleentheid was Hy hulle voete, verwys Hy na 'n verraaier in hulle midde en kondig Hy sy dood aan.



- Die dissipels was uiters ontsteld toe hulle hoor dat daar 'n verraaier in hulle midde was en dat dit tot die dood van Jesus sou lei. Hy verseker hulle egter dat hulle nie ontsteld moet wees nie, maar dat dit tot hulle voordeel is dat Hy gaan sterwe.
- Daarna gaan Hy voort om Sy nalatenskap aan hulle te beskryf!

1.

DIE VADERHUIS

In die huis van my Vader is daar baie woonplek.

(Johannes 14:2,3)

- *Voorbereiding.* As dit nie so was nie, sou Ek nie vir julle gesê het Ek gaan om vir julle plek gereed te maak nie.
- *Kom weer.* En as Ek gegaan het en vir julle plek gereed gemaak het, kom Ek terug en sal julle na My toe neem, sodat julle ook kan wees waar Ek is.

2.

DIE PAD (GATEWAY)

"Tomas sê toe vir Hom:

"Here, ons weet nie waarheen U gaan nie;

hoe kan ons dan die weg daarheen ken?"

(Johannes 14:5-7)

- Jesus het vir hom gesê: "Ek is die weg en die waarheid en die lewe. Niemand kom na die Vader toe behalwe deur My nie.
- As julle My ken, sal julle my Vader ook ken. En van nou af ken julle Hom en sien julle Hom."

3.

DIE VADER

"Toe sê Filippus vir Hom:

"Here, wys vir ons die Vader,

en dit is vir ons genoeg."

(Johannes 14:8-14)



Die dissipels wou 'n direkte openbaring van God gehad het, net soos Hy homself aan Moses by die Braambos en die berg Sinaï openbaar het:

- *God openbaar sy naam.* 'Wat is sy Naam?' wat moet ek dan vir hulle sê?" Toe sê God vir Moses: "Ek is wat Ek is. Jy moet vir die Israeliete sê: 'Ek is' (Jahweh) het my na julle toe gestuur." (Exodus 3:14)
- *God openbaar sy innerlike wese.* "Ek, die Here, is die barmhartige en genadige God, lankmoedig, vol liefde en trou. Ek betoon my liefde aan geslagte en geslagte.
- *Jesus openbaar die Vader in lewende lywe!.* Uit sy oervloed het ons almal genade op genade ontvang. Niemand het God ooit gesien nie. Sy enigste Seun, self God, wat die naaste (boesem) aan die Vader is, dié het Hom bekend gemaak. (Johannes 1: 16-18)
- *Die spieëlbeeld van die Vader staan voor julle.* En Jesus sê vir hom: "Ek is al so lank by julle, en ken jy My nie, Filippus? Wie My sien, sien die Vader: barmhartig en genadig, lankmoedig, liefdevol en lojaal: Hy bewys sy liefde van gelag tot geslag!

4.

DIE VOORSPRAAK

Judas, nie Judas Iskariot nie, vra toe vir Hom:
*"Here, hoe kom dit dat U U aan ons gaan openbaar en
nie aan die wêreld nie?"*

- *Weeskinders.* Wanneer Joodse dissipels hulle Rabbi aan die dood afstaan, is hulle weeskinders genoem. Jesus gee sy volgelinge die versekering dat Hy hulle nie as weeskinders sal agterlaat nie. (Johannes 14:18)
- *Advokaat.* Ek sal die Vader vra, en Hy sal vir julle 'n ander Voorspraak stuur om vir ewig by julle te wees, naamlik die Gees van die waarheid. (Johannes 14:16,17)
- *Herinneringe (memories).* Wanneer die Vader in my Naam die Voorspraak, die Heilige Gees, stuur, sal Hy julle alles leer en herinner aan alles wat Ek vir julle gesê het.



5.

VREDE: MOENIE STRES NIE!

*“Vrede laat Ek vir julle na;
my vrede gee Ek vir julle”.
(Johannes 14:27-28)*

- *Vrede.* Die vrede wat Ek vir julle gee, is nie die soort wat die wêreld gee nie.
- *‘n Stres-lose lewe.* Julle moet nie ontsteld wees nie, en julle moet nie bang wees nie.

Julle het gehoor dat ek vir julle gesê het:
Ek gaan weg, maar ek kom weer na julle toe.

*“Staan op, laat ons hiervandaan
verder gaan”.*

SEËNBEDE:

“Vrede laat Ek vir julle na; my vrede gee Ek vir julle. Die vrede wat Ek vir julle gee, is nie die soort wat die wêreld gee nie. Julle moet nie ontsteld wees nie, en julle moet nie bang wees nie.” AMEN!

OFFERGAWE:

Ons gee nou geleentheid vir julle dankoffer. U as gesin kan met EFT of snapsan betaal.



NG Wonderpark.
Absa Tjekrekening 1460165489
Takkode:632005
Verwysing: Dankoffer



ROOI! **LOLLOS** GROEN!
& **Lettie**

BLOU! GEEL! PIENK!

REËNBOOG-STORIES

WONDERLIIGGIEFEES

3 September 2022

10h00 R85 p.p. Kinders en Ouers

NG Kerk Wonderpark BuiteLug Arena

1861 BergLaan Amandasig

Vir meer inLigting & kaartjie verkope

RoeLein 083 256 3169 / Kerkkanfoor 083 266 2804





Wonderliggie Mark

BIED AAN

Demi-Lee Moore

26 Augustus 2022

18:00 vir 19:00

NG Kerk Wonderpark

Buitelug Arena

R100 p/persoon

Kinders 0-6 gratis

Vir kaartjie aankope of meer inligting

012-549 1340

071-915 5136

Wonderliggie Skaapbraai Kuieraand

Buitelugvertoning met Kunstenaar

Gary Forwood

Saterdag 27 Augustus 2022 • 18H00

Wonderpark Buitelug Arena

R100 per persoon

Kaartjie sluit Skaapbraaivleis,
Slaai en Brood in

Eie drinkgoed welkom

Vir kaartjie aankope of meer inligting


Kerkkantoor 012 549 1340

Martie 061 582 4730

Charmaine 071 915 5136

Veilige parkering: NG Wonderpark

Berglaan 1849, Amandasig Akasia



Indien jy bereid is om vir iemand wat dit nie kan bekostig nie, 'n ete te borg, skakel vir Martie by 061 582 4730



Baie dankie vir almal wat alreeds bestanddele gebring het.
Ons benodig asb die volgende bestanddele wat daagliks by die
Kerkkantoor afgegee kan word:

- | | |
|--------------------------------|------------------------------|
| ✓ Tee | ✓ Canderel sweetner |
| ✓ Rooibostee | ✓ Koekmeel |
| ✓ Suikersakkies (wit en bruin) | ✓ Olie (Sonneblom of Canola) |
| ✓ Nescafé / Jacobs Koffie | ✓ Bakpoeier |
| ✓ Nescafé Cuppuchino | ✓ Suiker |
| ✓ Sakkies | ✓ Maalvleis |
| ✓ Hot Chocolate | ✓ Hoenderborsies |
| ✓ Langlewe Melk | ✓ Viennas |



NG Gemeente Wonderpark bied 'n advertensie geleentheid vir besighede op al ons platforms (Facebook, Webblad, Aanlyn en gesins eredienste).

Vir meer inligting kontak die kerkkantoor:

kantoor@ngkerkwonderpark.co.za

